basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

## LANDBOUBESTUURSPRAKTYKE

## 2018

**PUNTE: 200**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye.**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings.

2. Beantwoord AL die vrae in die ANTWOORDEBOEK.

3. Lees die vrae aandagtig deur en beantwoord slegs wat gevra word.

4. Nommer die vrae ooreenkomstig die nommeringsisteem wat op die vraestel gebruik is.

5. Jy mag 'n nie-programmeerbare sakrekenaar gebruik.

6. Begin ELKE vraag op 'n NUWE bladsy.

7. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A

## VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.10) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.1.11 D.

1.1.1 … is die waardevolste natuurlike hulpbron wat as dierevoeding gebruik kan word.

A Grond
B Klimaat
C Plantegroei
D Water

1.1.2 Die grondeienskap wat verander wanneer organiese materiaal by die grond gevoeg word:

A Tekstuur
B Diepte
C Helling
D Struktuur

1.1.3 'n Boerderystelsel waar die produkte slegs vir die behoeftes van die gesin gebruik word:

A Intensiewe boerdery
B Bestaansboerdery
C Ekstensiewe boerdery
D Kommersiële boerdery

1.1.4 'n Persoon wat 'n besigheidsgeleentheid identifiseer, die moed het om 'n risiko te neem en die vermoë het om die eenheid te bestuur:

A 'n Plaaswerker
B 'n Entrepreneurskap
C 'n Entrepreneur
D 'n Plaasbestuurder

1.1.5 'n Dokument wat tred hou met alle vroulike diere wat geboorte gegee het:

A Teelrekord
B Begroting
C Inventaris
D Voerrekord

1.1.6 Die boerderybestuursbeginsel wat gekenmerk word deur die vergelyking van prestasie met verwagte resultate:

A Beplanning
B Beheer
C Implementering
D Motivering

1.1.7 Die proses wanneer plaasprodukte geadverteer word en vanaf die plaas vervoer word na afsetpunte vir kliënte om te koop:

A Verkope
B Aankope
C Ondersteuning
D Bemarking

1.1.8 Die prys van die produk wat by 'n punt vasgestel word waar die vraag na die produk gelyk is aan die aanbod van dieselfde produk:

A Markewewig
B Aanvraagprys
C Aanbodprys
D Ewewigsprys

1.1.9 Aksies wat die agribesigheidsketting sal bevorder, sluit in:

(i) Verbetering van paaie
(ii) Tekort aan stoorfasiliteite
(iii) Goeie markinligting
(iv) Gebruik kouestoorfasiliteite om verliese te voorkom

A (i), (ii) en (iii)
B (i), (iii) en (iv)
C (ii), (iii) en (iv)
D (i), (ii) en (iv)

1.1.10 'n Metode wat 'n boer kan gebruik om kapitaal op die plaas te skep:

A Toelaag
B Rente
C Verkoop geproduseerde produkte
D Kollateraal (10 x 2) (20)

1.2 Kies 'n beskrywing in KOLOM B wat by die term in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–L) langs die vraagnommers (1.2.1 tot 1.2.10) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.2.11 M. Gebruik elke beskrywing in KOLOM B slegs EEN keer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.2.1 | Tekort aan werkers | A | dui die visie- en missieverklarings van 'n boerderybesigheid aan |
| 1.2.2 | Bates | B | uitstalarea in 'n landbou winkel om die relevante produkte te vertoon |
| 1.2.3 | Gekontrakteerde bemarking | C | bepaal die gemak en spoed waarmee water deur die grond beweeg |
| 1.2.4 | Brondokument | D | eiendom met finansiële waarde wat die boer besit |
| 1.2.5 | Grondtekstuur | E | algehele uitgawes van 'n boerdery-onderneming |
| 1.2.6 | Waardetoevoeging | F | insamel van inligting oor die prestasie van die plaas |
| 1.2.7 | Besigheidsplan | G | geassosieer met arbeid as 'n produksiefaktor |
| 1.2.8 | Bokoste | H | verskaf 'n proe-sessie vir klante en/of deel bemarkingsmonsters of -inligting uit |
| 1.2.9 | Handelskoue en uitstallings | I | bestaan uit 'n groep boere wat as 'n koöperasie saamwerk |
| 1.2.10 | Monitering | J | verpakking en prosessering om die prys van 'n produk te verhoog |
| | | K | bevat die datum, aantal/hoeveelheid en beskrywing van 'n finansiële transaksie |
| | | L | verskaf veilige markte en pryse |

(10 x 2) (20)

1.3 Die volgende stellings is VERKEERD. Verander die ONDERSTREEPTE woord(e) om die stellings korrek te maak. Skryf jou antwoord langs die vraagnommers (1.3.1 tot 1.3.10) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.3.11 Vaste kapitaal.

1.3.1 Grondgehalte word vir beskrywing, analisering en meting versamel.

1.3.2 GIS is tegniese instrument in presisieboerdery wat gebruik word om die presiese posisie van 'n bestuurderlose trekker te bepaal.

1.3.3 Die sterkte van boer se besigheid word aangedui wanneer daar nie genoeg fondse is om die onderneming te bedryf nie.

1.3.4. Die finansiële aktiwiteit van die plaasbestuurder is om rekord te hou van arbeid en produksie.

1.3.5 Monitering is 'n voorvereiste vir die implementering van beleide en bereiking van doelwitte en doelstellinge.

1.3.6 Die geheelplaasbegroting vergelyk die begrotings vir twee of meer boerderypraktyke in 'n spesifieke onderneming.

1.3.7 In die organogram van 'n kommersiële plaas, het die plaasbestuurder direkte jurisdiksie oor die toesighouers van die algemene werkers van daardie spesifieke vertakking.

1.3.8 Daaglikse beplanning is 'n manier om produktiwiteit te verhoog deur meer werk per arbeidseenheid te voltooi.

1.3.9 Teelrekords is die aanduiding van die produktiwiteit van jong vanaf speenouderdom tot twee jaar oud.

1.3.10 Bemarkbare lewende hawe is 'n voorbeeld van 'n vaste bate.

(10 x 1) (10)

**TOTAAL AFDELING A: 50**

## AFDELING B

## VRAAG 2: FISIESE EN FINANSIËLE BEPLANNING

**Begin hierdie vraag op 'n NUWE bladsy.**

2.1 Meganisasie impliseer die gedeeltelike vervanging van arbeid deur investering van kapitaal.

2.1.1 Noem VIER faktore wat boere in aanmerking moet neem wanneer besluit word om masjinerie in hulle boerderyonderneming in gebruik te stel. (4)

2.1.2 Bespreek kortliks VIER redes waarom boere sou verkies om eerder masjinerie as handearbeid te gebruik. (4)

2.2 Grondgebruik verskil van een gebied na die volgende. Daar is faktore, soos gronddiepte, pH, dreinering en helling, wat die gebruik van grond negatief kan beïnvloed. Sommige van hierdie beperkende faktore kan reggestel word, bv. breek van ondeurdringbare lae, aanplant van plantstroke, verhoging van die organiese inhoud van die grond, oopmaak van waterweë en die toediening van gips op brak gronde.

Gebruik die inligting in die paragraaf hierbo en maak 'n direkte afleiding uit die regstelmetode en die grondeienskappe wat beïnvloed word. Teken die tabel oor en voltooi dit in jou ANTWOORDEBOEK.

| REGSTELMETODE | GRONDEIENSKAP |
|---|---|
| Breek van ondeurdringbare lae | |
| Aanplant van plantstroke | |
| Oopmaak van waterweë | |
| Gipstoediening | |

(4)

2.3 Noem DRIE faktore wat grondgebruik vir veeweidings bepaal. (3)

2.4 Klassifiseer die beskrywings hieronder volgens die tipe kapitaal en krediettermyn (kort, medium of lang termyn) soos in die landbou gebruik:

2.4.1 Maandelikse rekening by die veearts op die dorp. (2)

2.4.2 Produksielening by die plaaslike koöperasie vir die aankoop van saad en kunsmis (2)

2.4.3 Verband by 'n kommersiële bank, oor 'n tydperk van 20 jaar betaalbaar, om meer grond te bekom om die boerdery uit te brei (2)

2.4.4 Lening by 'n kommersiële bank, oor 'n tydperk van 60 maande betaalbaar, om nuwe implemente aan te koop (2)

2.5 'n Begroting is 'n gedetailleerde finansiële plan wat die verwagte inkomste en uitgawe vir die nabye toekoms aandui.

2.5.1 Gee TWEE belangrike elemente van 'n plaasbegroting. (2)

2.5.2 Stel 'n begroting saam vir 'n boerdery afdeling van jou keuse. **(Jy moet jou onderneming aandui om punte te verwerf.)**

Die inhoud van die begroting moet die volgende insluit:

(a) Hoofopskrif en tydperk (periode) (2)

(b) Inhoud – ten minste VIER inskrywings

Gebruik die volgende tabel om jou te help.

| ITEM | AANTAL | EENHEIDSPRYS | TOTALE PRYS |
|---|---|---|---|
| | | | |

(4 x 2) (8)

2.6 'n Boer doen 'n grondanalise in 'n spesifieke land vir gewasse. Die volgende resultate is verkry:

- Tipe grond – sanderige leem
- Grondreaksie (pH) = 6,0
- Magnesium – minder as 0,03 d.p.m. (Ideale magnesiumvlak – 3 d.p.m.)
- Veldwaterkapasiteit – 15%

2.6.1 Noem TWEE metodes wat hierdie boer kan gebruik om die grond se veldwaterkapasiteit kan verhoog. (2)

2.6.2 Beskryf VIER maniere om die grondreaksie te verbeter. (4)

2.7 Bespreek DRIE negatiewe uitwerkings wanneer 'n oormaat onkruiddoders gebruik word. (6)

2.8 Noem en bespreek die negatiewe aspekte van 'n boerderypraktyk waar die boer dieselfde gewas agtereenvolgens op dieselfde land plant. (3)
**[50]**

**VRAAG 3: ENTREPRENEURSKAP, REKORDHOUDING, BEMARKING, BESIGHEIDSBEPLANNING EN GEORGANISEERDE LANDBOU**

**Begin hierdie vraag op 'n NUWE bladsy.**

3.1 Noem die brondokument wat vir die volgende transaksies verskaf word:

3.1.1 Wanneer goedere op krediet verkoop word (1)

3.1.2 Bewys van 'n deposito in 'n bankrekening gemaak (1)

3.1.3 Erkenning dat geld deur 'n besigheid ontvang is (1)

3.1.4 Verbruikbare items wat vir kontant by 'n landbougeriefswinkel gekoop word (1)

3.2 Die Wet op Basiese Diensvoorwaardes, 1997 (Wet 75 van 1997) skryf sekere voorwaardes voor, wat deur die boer gerespekteer moet word.

3.2.1 Verduidelik kortliks die vereistes van ELK van die volgende voorwaardes.

(a) Werksure per week (2)

(b) Oortyd (2)

3.2.2 Noem SES inligtingsitems oor elke plaaswerker wat die boer daagliks moet aanteken. (6)

3.3 Beskryf kortliks die term *landboubesigheidsplan*. (4)

3.4 Kategoriseer die volgende inligtingsbronne wat tydens marknavorsing gebruik word in primêre navorsingsbronne en sekondêre navorsingbronne. Elke bron kan SLEGS EEN keer gebruik word.

- Tydskrifte
- Onderhoude
- Koerante
- Vraelyste
- Waarneming van mededingers
- Produsente-organisasies

3.4.1 Primêre navorsingsbronne (4)

3.4.2 Sekondêre navorsingsbronne (2)

3.5 Die volgende is 'n Balansstaat vir 'n gemengde veeboer vir die tydperk geëindig 30 Oktober 2017.

**Balansstaat soos op 30 Oktober 2017**

| LASTE | WAARDE (R) | BATES | WAARDE (R) |
|---|---|---|---|
| Bedryfslaste | 50 000 | Bedryfsbates | 80 000 |
| Mediumtermyn-laste | 120 000 | Mediumtermyn-bates | 100 000 |
| Vaste laste | 500 000 | Vaste bates | 750 000 |
| Netto waarde | | | |
| **TOTALE LASTE** | | **TOTALE BATES** | |

3.5.1 Beskryf die doel van 'n Balansstaat as een van die finansiële state van 'n boerderybesigheid. (2)

3.5.2 Gebruik die korrekte formule en bereken die netto waarde van hierdie boerderyonderneming. (4)

3.5.3 Bespreek kortliks die lewensvatbaarheid van hierdie onderneming. (2)

3.6 Die volgende inligting is geneem vanuit 'n bekende gewasboer se finansiële rekords. Die gewas is op 1 ha grond verbou.

- 14/06 – 4 sakke saad @ R170,00/sak
- 22/06 – 8 sakke kunsmis @ R285,00/sak
- 01/07 – 10 kg plaagbeheerchemikalieë @ R120,00/kg
- 14/10 – 800 houers plaasprodukte @ R29,50/houer
- 21/10 – 30 houers plaasprodukte @ R35,00/houer
- 22/10 – vervoerkoste @ R720,00
- 28/10 – arbeidskoste @ R3 200/maand
  Arbeider maandeliks betaal vir die tydperk vanaf plant tot oes.

3.6.1 Stel 'n Inkomstestaat saam vir hierdie boer. Gebruik die volgende tabel en opskrifte:

| UITGAWE | | | INKOMSTE | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **DATUM** | **ITEM** | **BEDRAG** | **DATUM** | **ITEM** | **BEDRAG** |

(8)

3.6.2 Gebruik die inligting in VRAAG 3.6.1 verkry. Bepaal of die boer 'n wins of 'n verlies gemaak het. Toon jou antwoord deur berekenings te gebruik. (3)

3.7 Onderskei tussen:

3.7.1 'n Kontantvloeistaat (2)

3.7.2 'n Inkomstestaat (3)

3.8 Verduidelik kortliks hoe klimaatrekords besluitneming in die boerdery se beplanningsproses beïnvloed. (2)

**[50]**

## VRAAG 4: OES, VERWERKING, BESTUUR EN AGRITOERISME

**Begin hierdie vraag op 'n NUWE bladsy.**

4.1 Boere gebruik na-oes-bergingsgeriewe sodat plantprodukte gedurende tye wanneer markpryse hoër is, beskikbaar is. Die gehalte van die produk moet tydens die hele bergingsproses gehandhaaf word.

4.1.1 Noem VIER negatiewe gevolge van vog en hoë temperature op die gestoorde plantprodukte. (4)

4.1.2 Noem DRIE metodes wat gebruik kan word om skade op gestoorde plantprodukte in bergingsgeriewe te beperk. (3)

4.2 Gebruik die beskrywings hieronder om die voedselpreserveringsmetode wat gebruik is, te identifiseer:

4.2.1 Voorbereiding van groente deur dit vir 'n kort tydperk in kookwater te plaas voordat dit gevries word (1)

4.2.2 Enige proses wat enige vorm van lewe en ander biologiese middels wat op voedsel voorkom, elimineer (1)

4.2.3 Die gebruik van ultraviolet lig (UV) (1)

4.2.4 'n Metode om kos en vloeistowwe, soos melk of vrugtesap, te behandel deur dit te verhit tot by 'n sekere punt om patogene organismes te dood, maar nie die smaak daarvan te beïnvloed nie (1)

4.2.5 Skei van vaste stowwe en vloeistowwe, bv. vrugtesap (1)

4.3 Noem VYF vereistes vir werkers wat in landbouverwerkingsaanlegte werk met verwysing na die toepassing van die Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid, 1995 (Wet 85 van 1993). (5)

4.4 Noem VYF vereistes van geskikte verpakkingsmateriaal vir bederfbare voedselprodukte. (5)

4.5 Bespreek VIER motiveringstegnieke wat 'n gevoel van eienaarskap en verantwoordelikheid ontwikkel om sodoende plaaswerkers se produktiwiteit te verhoog. (8)

4.6 Voltooi die tabel hieronder deur aan te dui of die bemarkingskanaal informeel of formeel is. Elke bemarkingskanaal kan sleg EEN keer gebruik word.

- Uitvoermarkte
- Koöperasies
- Plaasstalletjies
- Spaza winkels
- Varsproduktemark
- Straatverkopers

| INFORMELE BEMARKING | FORMELE BEMARKING |
|---|---|
| | |

(6)

4.7 Boere bemark hulle produkte op meer as een plek om markrisiko's te verlaag. Verduidelik hoe hierdie bemarkingstrategie die bemarkingsrisiko kan verminder. (4)

4.8 Plaasbestuurders neem besluite vir hulle boerderyondernemings om werklike probleme en die oplossings daarvoor te identifiseer.

Teken 'n vloeidiagram wat die SES stappe van besluitneming in volgorde aandui. (7)

4.9 Noem DRIE tipes landboutoerisme. (3)
**[50]**

**TOTAAL AFDELING B: 150**
**GROOTTOTAAL: 200**

Kopiereg voorbehou